



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOUD IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 22 SEPTEMBER 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:

Waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr M J Swanepoel
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl D G Bess om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskonings ontvang vanaf die Speaker, die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 AANWYS VAN RAADSLID AS VERTEENWOORDIGER VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT OP DIE MUNISIPALE KUSKOMITEE

Daar is 'n versoek ontvang vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit om 'n raadslid aan te wys om Swartland Munisipaliteit op die Munisipale Kuskomitee te verteenwoordig.

BESLUIT dat rdl A K Warnick aangewys word om Swartland Munisipaliteit te verteenwoordig op die Munisipale Kuskomitee.

3.2 WATER NOODSITUASIE AS GEVOLG VAN ESKOM BEURTKRAG

Die Uitvoerende Burgemeester versoek die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste om die komitee op hoogte te bring insake die noodsituasie wat ontstaan het met watervoorsiening as gevolg van fase 6, en later fase 5 beurtkrag.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat, met die fases beurtkrag wat tans ervaar word, daar nie genoegsame water vanaf Voëlvllei na die grootmaat reservoirs by Kasteelberg en Glen Lily gevoer word nie. Die grootmaat reservoirs se vlakke is kritiek laag en alhoewel die verspreidingsreservoirs van Swartland Munisipaliteit se vlakke

3.2/...

tussen 70% en 80% is, is dit op hierdie stadium nodig om watervoorsiening na die verbruikers te beperk om geleentheid te gee vir die grootmaat reservoirs om aangevul te word.

Die noodsituasie kan slegs op twee wyses afgeweer word, naamlik –

- (1) Samewerking deur alle verbruikers om water spaarsamig te gebruik;
- (2) Eskom om goedkeuring te verleen om nie waterpompe se elektrisiteit af te sit nie.

In die eerste geval is daar sedert Maandag op verskeie platforms met verbruikers gekommunikeer om water spaarsamig te gebruik.

In die tweede geval het die Weskus Distriksmunisipaliteit met Eskom geskakel, maar is daar nie aan die versoek voldoen om nie die waterpompe se elektrisiteit af te skakel nie. Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste het met Eskom geskakel en het lg. onderneem om die waterpompe tot en met Sondag aan te hou, die pompe is wel gisteraand om 18:00 per ongeluk afgeskakel.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat die kleinmaat verspreidingsreservoirs toegedraai moet word om die uitloop uit die grootmaat reservoirs te beperk. Dit sal dus beteken dat sekere areas beperkte watervoorsiening gaan ervaar, bv. Mount Royal, Tafelzicht, Panorama, New Clair en Ilinge Lethu.

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester noem die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat die kragopwekker wat deur Provinsie beskikbaar gestel word nie aan die stelsel gekoppel kan word nie, weens gebrekkige kapasiteit van die kragopwekker.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat om die noodsituasie in die toekoms te voorkom moet óf deur Eskom onderneem word om nie die waterpompe se elektrisiteit af te sit nie, óf die Munisipaliteit moet voorsiening maak vir voldoende rugsteunkrag.

Die Senior Bestuurder: Tegniiese Dienste bevestig dat die beurtkrag situasie nie gaan verbeter nie, en dat dit moontlik is om sonder elektrisiteit te wees, maar nie sonder water nie.

Rdh T van Essen verwys ook na die negatiewe uitwerking wat die tekort aan water op die rioolsuiweringswerke het.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA) voorsiening maak vir prosesse om nooduitgawes aan te gaan in 'n noodsituasie.

BESLUIT

- (a) Dat, soos versoek deur die Uitvoerende Burgemeester, daar gedurende die opkomende GOP en begrotingsproses oorweging daaraan verleen moet word om voorsiening te maak vir rugsteunkrag om volgehoue watervoorsiening te verseker gedurende 'n noodsituasie;
- (b) Dat oorweging daaraan verleen word, dat sou die noodsituasie voortduur, 'n ramp af te kondig;
- (c) Dat daar voortdurende met Eskom geskakel word in 'n poging om te verseker dat die waterpompe by Voëlvlei nie tydens beurtkrag afgeskakel word nie;
- (d) Dat die publiek op 'n gereelde basis ingelig word aangaande die water noodsituasie en daar 'n beroep op inwoners gedoen word om water spaarsamig te gebruik.

3.3 AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

(a)/...

3.3

- (a) Dat kennis geneem word dat die Direkteur: Beskermingsdienste as waarnemende munisipale bestuurder deur die Munisipale Bestuurder vir die periode 20 September tot 16 Oktober 2022 (voorlopig) aangestel is en dat die aksie van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gekondeer word.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Augustus 2022 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word,

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2022

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2022

6.1.1 ITEM 710: AANSOEK OM VESTIGING VAN KREMATORIUM, DARLING (12/2/R)

'n Aansoek is ontvang vanaf mnr Christo Vermaak vir die verkryging van 'n gedeelte grond by Darling-begraafplaas vir die vestiging van 'n krematorium.

Besluit/...

6.1.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die vestiging van 'n krematorium in die Swartland munisipale gebied in beginsel ondersteun word, onderhewig daaraan dat die vereiste wetgewende prosesse, ingesluit die idenifisering van 'n geskikte perseel, gevolg word;
- (b) Dat die Darling-begraafplaas nie as 'n geskikte perseel beskou word vir die vestiging van 'n krematorium nie, gegewe dit geleë is aanliggend tot 'n woonbuurt, en dat die aansoek van Mnr Vermaak gevolglik nie goedgekeur word nie.

7. NUWE SAKE**7.1 VOORLEGGING VAN DIE NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 MEI 2022 (5/15/1/3)**

Die Prestasie- en Risiko Ouditkomitee dien as 'n onafhanklike adviserende liggaam wat deur die Raad aangewys word om sy funksies in terme van Artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) te vervul.

Die notule van 'n vergadering van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomitee gehou op 24 Mei 2022 is met die sakelys gesirkuleer en bevat geen aanbevelings aan die Raad vir verdere oorweging nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 24 Mei 2022.

7.2 AANPASSING VAN DIE KOSPAKKIE VIR SLAGOFFERS VAN KLEINSKAALSE RAMPE (17/3/1/1)

Swartland Munisipaliteit beskik oor 'n beleid met riglyne om slagoffers van kleinskaalse rampe by te staan, wat onder andere insluit die voorsiening van kospakkies.

Op die onlangse Rampbestuursvergadering is daar besluit om die inhoudelike van die kospakkie te hersien, aangesien die bestanddele as onvoldoende beskou is en nie waardig genoeg vir die slagoffers nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die aangepaste lys van bestanddele, met beraamde bedrae, vir die uitdeel aan slagoffers van kleinskaalse rampe goedgekeur word en jaarliks hersien word om te bepaal of die bestanddele steeds van toepassing is;
- (b) Dat die bestanddele in deursigtige sakke geplaas word en dat die sakke duidelik gemerk sal word met 'n plakker waarop die Munisipaliteit se logo verskyn as aanduiding van hulpverlening deur die Munisipaliteit aan slagoffers van kleinskaalse rampe.

7.3 AANNAME VAN KONTRAKBESTUURSBELEID (8/1/B)

Die Kontrakbestuursbeleid is opgestel ter voldoening aan artikel 116(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003).

Die doel van die beleid is om die sluiting en bestuur van kontrakte te reguleer wat voortspruit uit die verkryging van goedere en dienste of toekennings gemaak ingevolge die Munisipaliteit se Voorsieningskanaalbestuursbeleid en ook ander formele kontrakte wat aangegaan is.

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die aangehegte Kontrakbestuursbeleid goedgekeur word vir implementering met ingang vanaf 1 Oktober 2022;
- (b) Dat kennis geneem word dat die delegasies voortspruitend uit die beleid ingesluit sal word in die Munisipale Bestuurder se stelsel van delegasies, en vir kennisname aan die Raad voorgehou sal word aan die einde van Mei 2023.

7.4 MENSLIKE HULPBRONNE: NUWE BELEIDE EN HERSIENING VAN BESTAANDE BELEID (4/2/B)

Die nuwe Munisipale Personeelregulasies noodsaak die samestelling van 'n aantal nuwe beleide, asook die hersiening van bestaande beleide om te voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die Regulasies.

Die konsep beleide is aan die Arbeidsforum voorgelê en beide vakbonde – Imatu en Samwu – het geleentheid gehad om daarop kommentaar/insette te lewer. Die finale konsep beleide is op 21 Julie 2022 aan die vakbonde voorgelê en word die beleide aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Waarnemings-toelaebeleid goedkeur met ingang van 1 Oktober 2022 met inagneming van die vakbonde se besware;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Diensuitrede-bestuursbeleid goedkeur met ingang van 1 Oktober 2022;
- (c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Induksiebeleid goedkeur met ingang van 1 Oktober 2022;
- (d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Skaarsvaardigheidsbeleid goedkeur met ingang van 1 Oktober 2022;
- (e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Opvolgbeplanningsbeleid goedkeur met ingang van 1 Oktober 2022;
- (f) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Oortydbeleid goedkeur met ingang van 1 Oktober 2022;
- (g) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Hervestigingsbystandbeleid vir Nuwe Werknemers goedkeur met ingang van 1 Oktober 2022;
- (h) Dat kennis geneem word dat die delegasies voortspruitend uit die betrokke beleide voorgelê sal word aan die Raad aan die einde van Mei 2023 as deel van die Delegasiestelsel.

7.5 KAAPSE/WESKUS SWARTLAND TOERISME ORGANISASIE, 2021/2022: VERSKEIE VERSLAE (9/1/3/2/1)

Die betrokke verslae van die Kaapse/Weskus Swartland Toerisme-organisasie ten opsigte van die 2021/2022 finansiële jaar word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê ingevolge die bepalings van die Raad se Diensvlakkooreenkoms met die organisasie vir die uitvoering van die toerismefunksie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem/...

7.5/...

Dat kennis geneem word van:

- (a) Die inhoud van die verslag deur die voorsitter;
- (b) Die sleutelprestasie-areas, soos gemeet vanaf 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022;
- (c) Die inhoud van die finansiële state vir die 2021/2022 finansiële jaar.

7.6 RIEBEEK KASTEEL: "THE OUKLOOF HERITAGE LEGACY" (17/13/3)

'n Versoek is ontvang dat die Munisipaliteit die erfenisprojek – "The Oukloof Heritage Legacy" – ondersteun. Die projek behels, onder andere, die oprigting van 'n gedenkteken op die Riebeek Kasteel dorpsplein ter herdenking van daardie persone wat gedurende 1965 met geweld uit hul huise verwyder is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Munisipaliteit sy steun vir *The Oukloof Heritage Legacy* projek uitspreek, onderhewig daaraan dat alle publieke deelname en wetlike vereistes nagekom sal word, waar toepaslik.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2022.

7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTEL VAN 11 KV, N7 VOERDER 1, STROOMTRANSFORMATOR BY DIE KLIPFONTEIN SUBSTASIE (8/1/B/2)

Daar is vasgestel dat die 11kV stroomtransformator van die N7 voerder 1 in die Klipfontein-substasie besig was om te faal. Die stroombrekers is vervaardig en geïnstalleer deur ABB en is lg. ontbied. Daar is gevind dat die insulasie van die stroomtransformator besig was om te faal wat kon lei tot 'n kortsluiting. Herstelwerk is dringend benodig.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nie tenders in te win nie, maar die kwotasie vir die dringende herstelwerk aan die 11kV stroomtransformator van ABB ten bedrae van R90 896.00 (VAT uitgesluit) te aanvaar;

(c)/...

7.9/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorkeurverkrygingsprosedures ten einde 'n noodsituasie af te weet, as volg aangeteken word:
 - (i) As die herstelwerk nie gedoen word deur 'n kundige van die spesifieke stroomtransformator nie, bestaan die risiko dat aangrensende munisipale infrastruktuur beskadig sal word;
 - (ii) Die risiko dat die bestaande 11kV netwerk oorbelaai sal word;
 - (iii) Die risiko dat 'n ander 11kV voerder ook buite werking mag raak kan ontwinging van elektrisiteitstoevoer na Tafelzicht, Panorama, Mount Royl en Wesbank veroorsaak;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R90 896,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/117-547-342 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN VOLVO-VOORLAAIER (8/1/B/2)

Die Volvo-voorlaaiër (FEL) is een van die belangrike komponente van die toerusting wat benodig word vir die opruiming van onwettige rommel storting in die munisipale gebied. Daar is gevind dat die remme van die voorlaaiër nie voldoende funksioneer nie en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die Volvo voorlaaiër deur *Babcock Equipment* ten bedrae van R49 276.12 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) Die omvang van die werk wat *Babcock Equipment* aan die masjien gedoen het om die foutiewe komponente te kan inspekteer en 'n kwotasie op te stel;
 - (ii) Dit sal onprakties wees om die amptelike verkrygingsprosesse te volg, aangesien dit die versameling en opstelling van die foutiewe komponente en die vervoer van die FEL na 'n ander werkwinkel sal vereis; en
 - (iii) Die feit dat *Babcock Equipment* die gemagtigde diensagent vir Volvo-toerusting in die Wes-Kaap is.
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R49 276.12 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 44823 (8/1/B/2)

Die betrokke vullisverwyderingsvoertuig, CK 44823, word gebruik vir die verwydering van vaste afval in die munisipale gebied.

Besluit/...

7.11/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor, CK 44823, deur *Transtech* ten bedrae van R101 624.90 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking wees indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot 'n onderbreking in die vullisverwyderingsdiens met gepaardgaande openbare gesondheidsrisiko's;
 - (iii) die herstelwerk aan die vragmotor is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R101 624.90 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 DIREKTEUR: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE: AANWYSING TOT SALGA ENERGY REFERENCE GROUP (16/2/1/1/1)

'n Skrywe is vanaf SALGA ontvang waarin kennis gebied word van die aanwysing van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste tot die SALGA *Electricity Reference Group*.

Verteenwoordigers op die SALGA ERG word aangewys op grond van hulle kennis, kundigheid en ondervinding van die industrie, aangesien die hoofdoel van die SALGA ERG is om kundige advies te voorsien in die ontwikkeling van volhoubare dienslewingsmodelle vir die elektrisiteitsbedryf.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat daar kennis geneem word van, en goedkeuring verleen word vir die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste se aanwysing tot die SALGA *Electricity Reference Group*.

7.13 GRATIS BESKIKBAARSTELLING VAN TWEE GRAFTE, MOORREESBURG (16/6/5)

Die munisipale swembaddens word gesluit gedurende die wintermaande en slegs van tyd tot tyd besoek vir roetine herstelwerk. Daar is op 9 September 2022 afgekom op die lyke van twee seuns in die Moorreesburg munisipale swembad. Die aanduiding is dat die seuns onwettig toegang tot die perseel verkry en verdink het.

'n Versoek is ontvang om die families van die oorledenes by te staan deur die gratis beskikbaarstelling van twee grafte by die Moorreesburg-begraafplaas.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die tragiese voorval by die Moorreesburg swembad waar twee jong seuns tussen 8 en 9 September 2022 verdink het;
- (b) Dat kennis geneem word van die optrede deur die Munisipale Bestuurder om twee grafte gratis aan die families van die seuns beskikbaar te stel, omrede:

7.13/(b)...

- (i) die seuns albei uit huishoudings kom wat sosio-ekonomiese probleme ervaar;
- (ii) die Munisipaliteit indirek gekoppel word aan die voorval, aangesien dit by 'n munisipale sport-/ontspanningsfasiliteit plaasgevind het;
- (c) Dat die optrede deur die Munisipale Bestuurder in hierdie verband gekondoneer word;
- (d) Dat die voormelde besluit deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, geensins daarop dui dat die Munisipaliteit enige verantwoordelikheid aanvaar vir die tragiese verdrinking van die twee seuns nie.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP DINSDAG, 11 OKTOBER 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl I S le Minnie
Ondervoorsitter, rdl N Smit

Penxa, B J
Pypers, D C
Rangasamy, M A (rdh)
Soldaka, P E

Van Essen, T (rdh)
van Zyl, M (rdd)
Vermeulen, G
Warnick, A K

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl D C Pypers om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl E C O'Kennedy die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2022

BESLUIT

(voorgestel deur rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansieskomitee) gehou op 14 September 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die skrywes van dank en waardering aan Swartland Munisipaliteit soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

Geen

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

9. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

9.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2022

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer en versoek die Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier om belangrike aspekte uit te wys.

Rdl P E Soldaka spreek sy kommer uit, dat ten spyte van die Raad se goeie beleggings, die uitstaande skulde van die Raad baie hoog is..

Die Bestuurder: Begrotingskantoor meld dat Swartland Munisipaliteit 'n goeie betalingskoers het, wat tussen 90-100% wissel.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir Augustus 2022.

10. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

10.1 SALGA: MFFT WERKGROEP GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2022

Die doel van hierdie verslag is om Raadslede in te lig oor die onderwerpe wat bespreek was by die SALGA: MFFT werkgroep gehou op 17 Augustus 2022.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag oor gemeenskap ontwikkeling / veiligheid / gesondheid / nooddienste en rampbestuur werkgroep van SALGA.

**(GET) RDL I S LE MINNIE
VOORSITTER**



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE
PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP DINSDAG, 11
OKTOBER 2022 OM 10:12**

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R J Jooste
Ondervoorsitter, rdh T van Essen

Bess, D G
Duda, A A
Fortuin, C
Pieters, C

Smit, N
Stanley, B J (rdh)
Van Zyl, M (rdd)
Warnick, A K

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Siviele en Elektriese Dienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl E C O'Kennedy die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2022

5.1.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2022: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Rdl C Fortuin bedank die munisipaliteit vir die ondersteuning vir die gesin van die twee skoliere, wie se lyke in die munisipale swembad gevind is, in hul tyd van hartseer.

Verder vra rdl C Fortuin hoe ver die ondersoek is oor bovermelde insident.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld dat owerhede steeds besig is met bogenoemde ondersoek.

BESLUIT

(voorgestel deur rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 14 September 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2022

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld dat die huidige vlak van die Voëlvleidam bly op 72%. Verlede jaar hierdie tyd was die vlak van die dam 99%, so daar was 'n groot daling in vergelyking met die vorige jaar.

Rdh B J Stanley spreek sy kommer uit oor klagtes wat ingedien was by die munisipaliteit oor oortollige watergebruik, veral vir boerdery in Chatsworth en dat geen terugvoerig vanaf die munisipaliteit gekry is nie.

Op navraag deur rdl D G Bess oor die volume van die kragopwekker wat nodig is vir die waterpompe om te funksioneer tydens beurtkrag, meld die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat hy nog besig is om die berekeninge te voltooi om die kapasiteit van die kragopwekker te bepaal.

Rdl C Fortuin spreek haar kommer uit oor die oorfloei van rioolwater in Sentrumweg, Moorreesburg, waarna sy die verliese beklemtoon wat die inwoners in die genoemde area lei en versoek dat oplossings gekry word vir die probleem.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld dat die munisipaliteit al verbeteringe aan die rioolstelsel aangebring het. Die inwoners moet opgevoed word oor hoe om die stelsel te implementeer en om nie die stelsel te misbruik nie.

Rdl A A Duda spreek sy kommer uit oor die installering van elektrisiteit by blok A en B in Illinge Lethu.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld dat die munisipaliteit elektrisiteit daar geïnstalleer het om die inwoners basiese dienste te gee, wat 'n kapitaalprojek is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir Augustus 2022;
- (b) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste 'n ondersoek doen rakende die oorfloei van riool in Moorreesburg, sodat die kwessie aangespreek kan word; en
- (c) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste terugvoering aan die komitee gee, nadat die ondersoek afgehandel is.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer en versoek die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller, om belangrike aspekte uit te wys.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Augustus 2022.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL R J JOOSTE
VOORSITTER



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE
VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP DINSDAG, 11 OKTOBER 2022 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl G Vermeulen
Ondervoorsitter, rdl D G Bess

Booyesen, A M
De Beer, J M
Le Minnie, I S
Ngozi, M

Pypers, D C
Rangasamy, M A (rdh)
Smit, N
Soldaka, P E

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee:
Ontwikkelingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Daniels die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

**2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS-
DIENSTE) GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2022**

Rdl P E Soldaka spreek sy ontevredenheid uit oor sy insette nie verskyn op die vorige notule nie, nl:
Dat hy versoek dat die bouinspekteur se verslag beskikbaar gestel moet word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger meld dat daar by die vorige vergadering, 'n versoek was om 'n werkswinkel met raadslede te hou, wat fokus op behuising. Die werkswinkel sal plaasvind op 26 Oktober 2022 om 14:00. Die werkswinkel sal op al die behuisingsskewessies fokus.

Ten slotte meld die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat die informasie met betrekking tot die bouinspekteur se verslag, nie beskikbaar gestel mag word in terme van die POPIA beleid nie. Daar sal in die volgende verslag 'n voorbeeld van 'n dokument wees wat deur die bouinspekteur afgeten word.

BESLUIT

(voorgestel deur rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 14 September 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2022

Die Voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, gee inligting deur insake die vordering met die onderskeie behuisingsprojekte en die verskeie projekte wat in Swartland Munisipaliteit aangebied word deur Gemeenskapsontwikkeling.

Rdh M A Rangasamy spreek sy kommer uit oor die GBV- ambassadeurs program, waarvan die Wykskomiteede bekommerd is dat hulle geen aksies mag implementeer nie en net werksinkels moet bywoon.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gee agtergrond oor die doel van die GBV-ambassadeur opleiding. 'n Plan van aksie sal ook gedurende die werksinkel bepaal word.

Rdl A M Booyen spreek haar dank uit insake die SMME Besigheidsondersteuningsessie wat deur Ontwikkelingsdienste gehou was en dat die inligting baie behulpsaam was.

Op navraag deur rdl D C Pypers oor die hoeveelheid huise wat by De Hoop gebou gaan word, meld die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat daar altesaam 395 huise gebou gaan word.

Rdl P E Soldaka lewer kommentaar oor die oorstroming van rioolwater in Moorreesburg, waarna hy verwys na die verliese van die inwoners en versoek dat die munisipaliteit die inwoners moet bystaan.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr P A C Humphreys meld dat die inwoners gewoonlik versoek dat hulle meubels vervang moet word. Dit word gewoonlik gedek deur die munisipaliteit se versekering.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Augustus 2022.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van 'n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 14 September 2022.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

7.1 VERSLAG OOR GEMEENSKAP ONTWIKKELING / VEILIGHEID / GESONDHEID / NOODDIENSTE EN RAMPBESTUUR WERKGROEP - SALGA

Hierdie verslag het ten doel om verslag te doen betreffende die aangeleenthede wat bespreek en aangebied was tydens bogenoemde werkgroep.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag oor gemeenskap ontwikkeling / veiligheid / gesondheid / nooddienste en rampbestuur werkgroep van SALGA.

7.2 SALGA : GESAMENTLIKE MENSLIKE NEDERSETTING & STEDELIKE AGENDA EN OMGEWINGSBESTUUR EN KLIMAATVEERSTANDIGHEID WERKSGROEP 18 AUGUSTUS 2022

Hierdie verslag handel oor prosedurele aangeleenthede en die agenda van die Werkgroep vir Menslike Nedersetting en Stedelike Agenda en Omgewingsbestuur en Klimaatveerkragtigheidsbeplanning.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die van die inligting wat gedeel is by die Gesamentlike Menslike Nedersettings en Stedelike Agenda en Omgewingsbestuur en Klimaatweerbearheidsgroepe wat op 18 Augustus 2022 gehou is.

**(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP DINSDAG, 11 OKTOBER 2022 OM 11:30

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdd M van Zyl

Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

Bess, D G

De Beer, J M

Fortuin, C

Jooste, R J

Le Minnie, I S

Papier, J R

Pieters, C

Stanley, B J (rdh)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller

Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier

Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Daniels die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2022

BESLUIT

(voorgestel deur rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 14 September 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2022

5.1.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

5.1.2 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel en gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om die belangrikste aspekte uit die maandverslag aan raadslede uit te wys.

Rdl R J Jooste versoek dat die identiteit van die k9-eenheid beskerm word om sodoende hulle veiligheid kan beskerm.

Rdh B J Stanley versoek dat die k9-eenheid na dorpe soos Chatsworth en Kalbaskraal moet patroleer, aangesien die misdaad toeneem in die kleiner dorpe.

Die Direkteur: Beskermingsdienste verduidelik dat die K9-eenheid kan slegs suksesvol funksioneer in samewerking met die SAPD. Daar is nie 'n goeie werksverhouding tussen die k9-eenheid en SAPD Malmesbury nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie afdelings in die Direktoraat Beskermingsdienste, nl. Verkeer- en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Augustus 2022.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDD M VAN ZYL
VOORSITTER

ITEM 7.1 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 18 OKTOBER 2022

ONDERWERP: AANVAARDING VAN VERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP
SUBJECT: ADOPTION OF BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC

1. BACKGROUND

1.1 The following draft by-law (attached hereto) was introduced in Council on 25 August 2022:

- Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public

1.2 The draft by-law was published on the municipal website and in the local newspapers in both Afrikaans and English. No comments and/or objections were received by the closing date of 23 September 2022.

2. LEGISLATION

2.1 National legislation

2.1.1 The Constitution, Municipal Structures Act and Municipal Systems Act set the framework in terms of which a municipal council must pass by-laws.

2.1.2 The Constitution sets two basic requirements for municipal law-making:

- First, a by-law must have the support of the majority of all the councillors;
- Second, the community must have enjoyed the opportunity to have its say with regard to that by-law.

2.1.3 The following steps were taken in considering the draft by-law:

		Proposed timeframes
Step 1	A draft by-law is prepared by a councillor or a Committee of the council and must be introduced in the council.	Executive Mayoral Committee Meeting of 17 August 2022, introduced in Council on 25 August 2022
Step 2	The council must consult with the community with regard to the draft by-law. It must at least publish the by-law for comment by the public. Note: the municipality may use the ward committees to discuss the merits of a draft by-law.	Placement of media advertisement on 31 August 2022. Period of comment until 23 September 2022.
Step 3	The by-law is introduced in and debated by the council. Before passing a by-law, a council that has an executive committee or executive mayor, must first require that committee or mayor to give a report and recommendation on the by-law.	To be tabled in Council on 27 October 2022, via Executive Mayoral Committee (meeting on 18 October 2022).
Step 4	The Municipal council votes on the by-law, which – in terms of the Constitution – is to be carried by the majority of all councillors.	Council meeting 27 October 2022
Step 5	If passed by council, the by-law is published in the Provincial Gazette and becomes law on that date or a later date set in the by-law.	By

2.2 **Compliance with the By-law relating to the Conduct of Meetings**

The by-law is tabled for adoption by Council in accordance with paragraph 60 of the Swartland Municipality: By-law relating to the Conduct of Meetings (PG 8649 dated 19 August 2022).

2.3 Paragraph 60(1) determines that the following must be submitted by the Municipal Manager to the Executive Mayor –

Paragraph 60(1)(a) – (d)		Comments
(a)	A copy of the draft by-law	See attached – Annexure A
(b)	Copies of the advertisements in which the public was invited to make representations	See attached – Annexure B
(c)	Any comment received from the public	None
(d)	Any other comments or recommendations by the municipal manager	None

In accordance with paragraph 60(2)(a) the executive mayor must consider the report by the municipal manager and must submit a report to the council which sets out the following:

Paragraaf 60(2)(a)		Kommentaar
(i)	An executive summary of the draft by-law	See below
(iv)	Any relevant comments or proposals	None
(v)	A recommendation	See below

2.4 **Executive Summary of the draft by-law** (as was submitted in Council on 25 August 2022)

2.4.1 The by-law is to provide for the control of undertakings selling liquor to the public, also including unlicensed premises, in order to ensure a safe and healthy environment in the Swartland. Furthermore, to provide for days and hours of trade in liquor by licensed undertakings, and to provide for matters related thereto.

2.4.2 The by-law gives effect to the Municipality's mandate in terms of section 156(1)(a) read with Part B of Schedule 5 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, i.e. to regulate undertakings that sell liquor to the public, as well as section 59 of the Western Cape Liquor Act, 2008 (Act 4 of 2008) that deals with municipalities' power to determine different trading days and hours for licensed businesses. Following recent events implying the improper control of undertakings that sell liquor outlets, especially on consumption premises, it is deemed essential to amend the existing by-law to also regulate all premises that sell liquor, especially in terms of safety measures.

2.4.3 Upon publication in the Provincial Gazette, the existing Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public, as promulgated in Provincial Gazette No 7394 of 22 May 2015 will be repealed and replaced with the new by-law.

3. **RECOMMENDATION**

(a) That the following by-law be adopted by Council, to take effect on date of promulgation in the Provincial Gazette:

- Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public

(b) That fines for offences of the by-law be determined by the Department of Justice.

AANBEVELING

(a) Dat die volgende verordening aangeneem word deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:

- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop

(b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

(get) M S Terblanche

MUNICIPAL MANAGER

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KONSEPVERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal Swartland Munisipaliteit as volg:-

Inhoud

1. Woordomskrywing
2. Doel van verordening en toepassing
3. Handelsdae en -ure vir verkoop en verbruik van drank op gelisensieerde persele
4. Handelsdae en -ure vir verkoop van drank vir verbruik buite gelisensieerde persele.
5. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op en weg van gelisensieerde persele
6. Spesiale geleenthede en tydelike lisensies
7. Aanstelling van gemagtigde beamptes
8. Bepaling van tipe gelisensieerde perseel
9. Nakoming en afdwinging
10. Aansoek om verlengde handelsure
11. Voorkoming van onwettige drankverkope, en beslaglegging op drank
12. Vertoon van naamborde, en ander verpligtinge van lisensiehouer
13. Veiligheid en sekuriteit
14. Drankpersele moet wapenvry wees
15. Stoornisse
16. Beswaar teen hernuwing van lisensies
17. Appèl
18. Oortredings en boetes
19. Herroeping
20. Kort titel en inwerkingtrede

1. Woordomskrywing

In hierdie verordening, geniet die Engelse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenisse-

“algemene sakegebied” 'n gebied hoofsaaklik gesoneer as algemene sake of enige ander ekwivalente gebruik, met die doel om ekonomiese aktiwiteit in 'n sakegebied en ontwikkelingskorridor te bevorder, en sluit 'n wye reeks grondgebruike soos sake-, residensiële en gemeenskapsgebruike in;

“die Wet” die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No. 4 van 2008), soos gewysig, saamgelees met relevante Regulasies;

“drank” drank soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet;

“gelisensieerde” enige persoon wat gelisensieer is om drank ingevolge die Wet te verkoop en sluit enige gelisensieerde perseel, sakeonderneming, afsetpunt of grondgebruiksaktiwiteit van waar drank verkoop word, in;

